

HAARKAPPERY

2025



MÔRE BEGIN VANDAG



HAARKAPPERY

Wat behels die kwalifikasie:

Die opleiding stel die student in staat om as 'n gekwalifiseerde haarkapper te kan werk.

Haarkappers kommunikeer met kliënte, adviseer kliënte oor geskikte haarstyle en dra by tot individuele persoonlike versorging.

'n Haarkapper spesialiseer in die versorging, behandeling en instandhouding van kliënte se hare. Hierdie dienste sluit in: die behartiging van hare- en kopvelbehandelings; die sny en stilleer van hare; die kleur, permanente krul of chemiese reguit maak van hare; asook die hantering van haarverlengings in 'n professionele, veilige en omgewingsvriendelike manier.

Die student sal onder meer:

- Hare- en kopvelbehandeling kan toepas deur dit te sjampoe, opknapper aan te wend en haarbehandelings te doen.
- Hare kan stilleer.
- Hare kan sny.
- Op 'n veilige wyse chemiese dienste te kan toepas.
- Professionele standaarde en higiëne handhaaf wanneer daar met kliënte gewerk word.
- Leer hoe om 'n besigheid te begin en winsgewend te bestuur.
- Leer hoe om goeie kliëntediens te lewer.
- Leer hoe om die regte produkte aan die kliënt voor te stel vir tuis gebruik.

Meer oor die kwalifikasie:

- Die kwalifikasie bestaan uit vier komponente:
- Teorie (ongeveer 18 maande*, gelyklopend en geïntegreer met prakties).
- Praktiese leer in 'n gesimuleerde salon omgewing (ongeveer 18 maande*, gelyklopend en geïntegreer met teorie).
- Werksgeïntegreerde leer by 'n goedgekeurde salon (ongeveer 18 maande*).
- Eksterne geïntegreerde summatiewe assessering (geskrewe eksamen asook ongeveer twee dae se assesserings van praktiese take by 'n geregistreerde vaktoetsentrum).

Kwalifikasie inligting

Kwalifikasie naam: Beroepskwalifikasie: Haarkapperij

Akkreditasie liggaam: QCTO

Assessering gehalte vennoot: Dienste SETA

Kwalifikasie: NKR-vlak 4, 540 krediete

SAQA ID: 102497

QCTO kurrikulumdokument: 514101100



Klasaanbieding en klastye:

Voltydse kontakklasse weksdae op kampus

Assessering:

- Deurlopende formatiewe teoretiese assesserings sowel as praktiese evaluasies.
- Interne teoretiese en praktiese geïntegreerde assessering (FISA).
- Saamstel van 'n teoretiese en praktiese portefeulje vir evaluasie deur 'n assessering gehalte vennoot (Dienste SETA).

- Eksterne geïntegreerde summatiewe assessering (EISA) bestaan uit 'n geskrewe vraestel en een tot twee dae praktiese demonstrasies van vaardighede by 'n geakkrediteerde vaktoetsentrum. Om die kwalifikasie te behaal moet die EISA geslaag word.

Teikenmark:

Skoolverlaters wat as 'n gekwalifiseerde haarkapper wil werk. Ook individue wat reeds in 'n salon of vir hulleself werk maar 'n formele kwalifikasie wil bekom.

Opleidingstydperk:

Ongeveer 36 maande*. Bestaande uit ongeveer 18 maande geïntegreerde teorie en prakties en ongeveer 18 maande werksgeïntegreerde leer by 'n goedgekeurde salon.

Inname datums:

Februarie en Julie

Inname kapasiteit:

30 studente per inname

Toelatingsvereistes:

Gr. 12

Programkoste:

Verwys na die **Sol-Tech** webwerf vir fooie asook **SFD**-leningskriteria

* Fooie asook inname datums en duur van studie is onderhewig aan verandering na gelang van departementele wysigings, regulatoriese bepalings en ekonomiese omstandighede. QCTO prosedures en prosesse kan die durasie beïnvloed.

